TRINCHOL 40 mg moet slegs oorweeg word by pasiënte met ernstige hipercholesterolemie en 'n hoë kardiovaskulêre risiko wat nie hul behandelingsdoelwit op 20 mg TRINCHOL of alternatiewe terapie bereik nie.

Spesiale toesig word aanbeveel wanneer die dosis van 40 mg geïnisieer word. (sien afdeling 4.4)

Kinders en adolessente 10 tot 17 jarige ouderdom:
TRINCHOL word aangedui om die Totale Cholesterol, LDL-C en Apo B te verminder by pasiënte met heterosigotiese familiale hipercholesterolemie (HeFH).

Posologie en metode van toediening
Voor die aanvang van die behandeling moet die pasiënt op 'n standaard cholesterolverlagende dieet geplaas word wat tydens behandeling voortgesit moet word.
Posologie
Die dosisreeks vir TRINCHOL is 5 - 40 mg oraal een keer per dag. Die aanbevole aanvangsdosis is 5 mg een keer per dag.

Die dosis moet geïndividualiseer word volgens die doel van terapie en die pasiënt se respons. Die meerderheid pasiënte word beheer met die 10 mg dosis. Alhoewel, indien nodig kan dosisaanpassing met 2 - 4 week intervalle gedoen word.

Volwassenes:
Primêre hipercholesterolemie (insluitend heterosigotiese familiale hipercholesterolemie), gemengde dislipidemie, disbetalipoproteïnemie (Fredrickson Tipe III hiperlipoproteïnemie) en geïsoleerde hipertrigliseriedemie:
Die aanbevole aanvangsdosis is 5 mg een keer per dag.
'n Aanvangsdosis van 5 mg word aanbeveel vir pasiënte van Asiatiese voorgeslag en vir pasiënte wat 'n kleiner vermindering in LDL-C benodig om die behandelingsdoelwit te bereik.
Vir pasiënte met ernstige hipercholesterolemie (insluitend heterosigotiese familiale hipercholesterolemie) kan 'n aanvangsdosis van 20 mg oorweeg word.

Homosigotiese familiale hipercholesterolemie:
Vir pasiënte met homosigotiese familiale hipercholesterolemie word 'n aanvangsdosis van 20 mg een keer per dag voorgestel.

Spesiale pasiëntgroepe:
Gebruik in bejaardes:
Die normale dosisreeks is van toepassing.

Dosis by pasiënte met renale ontoereikendheid:
Die aanvangsdosis is van toepassing op pasiënte met ligte tot matige renale inkorting.
Vir pasiënte met ernstige renale inkorting moet die dosis TRINCHOL nie 10 mg een keer per dag oorskry nie.

Dosis by pasiënt met hepatiese ontoereikendheid:
Die normale aanvangsdosis is van toepassing op pasiënte met ligte tot matige hepatiese inkorting. Pasiënte met ernstige hepatiese inkorting moet terapie met TRINCHOL 5 mg begin. Verhoogde sistemiese blootstelling aan rosuvastatien is by hierdie pasiënte waargeneem, daarom moet die gebruik van dosisse bo TRINCHOL 10 mg deeglik oorweeg word (sien afdeling 5.2).

Ras:
'n Aanvangsdosis van 5 mg TRINCHOL moet vir Asiatiese pasiënte oorweeg word. Verhoogde plasmakonsentrasie van rosuvastatien word by Asiatiese proefpersone gesien (sien afdelings 4.4 en 5.2). Die verhoogde sistemiese blootstelling moet in ag geneem word by die behandeling van Asiatiese pasiënte wie se hipercholesterolemie nie voldoende beheer word met dosisse tot 20 mg daagliks nie.

Gelyktydige behandeling:
TRINCHOL het additiewe doeltreffendheid getoon in die verlaging van trigliseriede wanneer dit gebruik word in kombinasie met fenofibraat en die toenemende HDL-C vlakke wanneer dit in kombinasie met niasien gebruik word.
TRINCHOL kan ook gebruik word in kombinasie met esetimieb of galsuursekwestrante (sien afdeling 4.4).

Interaksies wat dosisaanpassings vereis:
Siklosporien:
Verhoogde sistemiese blootstelling aan rosuvastatien is waargeneem by pasiënte wat rosuvastatien en siklosporien gesamentlik neem. Vir die TRINCHOL dosisreeks (10 - 40 mg) word hierdie kombinasie nie aanbeveel nie (sien afdeling 4.3).

Gemfibrosil:
Verhoogde sistemiese blootstelling aan rosuvastatien was waargeneem by proefpersone wat rosuvastatien en gemfibrosil gesamentlik geneem het. Pasiënte wat hierdie kombinasie neem, moet terapie begin met TRINCHOL 5 mg een keer per dag en moet nie 'n dosis van TRINCHOL 20 mg een keer per dag oorskry nie (sien afdeling 4.5).

Pediatriese bevolking
Kinders en adolessente 10 - 17 jarige ouderdom:
By kinders en adolessente met heterosigotiese familiale hipercholesterolemie is die normale dosisreeks 5 – 20 mg oraal een keer per dag. Die dosis moet by benadering getitreer word om die behandelingsdoelwit te bereik. Veiligheid en effektiwiteit van dosisse meer as 20 mg is nie in hierdie populasie bestudeer nie.
By kinders en adolessente met homosigotiese familiale hipercholesterolemie is die ervaring beperk tot 'n klein aantal pasiënte (ouderdom van 8 jaar en ouer).

Metode van toediening
TRINCHOL kan ter enige tyd van die dag gegee word, met of sonder voedsel.

Kontraïndikasies
TRINCHOL is gekontraïndikeerd:
- by pasiënte met hipersensitiwiteit vir rosuvastatien of vir enige van die hulpstowwe van TRINCHOL.
- by pasiënte met aktiewe lewersiekte, insluitend onverklaarbare, aanhoudende verhoging van serumtransaminase en enige serumtransaminase verhogings van meer as 3 keer die boonste limiet van normaal (BLN).
- by pasiënte met erge renale inkorting (kreatienopruiming < 30 ml/min).
- by pasiënte wat gelyktydig siklosporien ontvang (sien afdeling 4.5).
- tydens swangerskap en laktasie en in vroue van kinderbarende potensiaal wat nie voldoende kontraseptiewe maatreëls toepas nie (sien afdeling 4.6).
- by pasiënte met miopatie.
- Die 40 mg dosis is gekontraïndikeerd by pasiënte met predisponerende faktore vir miopatie/rabdomioliese. Sulke faktore sluit in:
  - matige renale inkorting (kreatinienopruiming < 60 ml/min)
  - hipotiroïdisme
  - persoonlike of familiegeskiedenis van oorerflike spierafwykings
  - vorige geskiedenis van spiertoksisiteit met 'n ander HMG-KoA reduktase inhibeerder of fibraat
  - alkohol misbruik
  - situasies waar 'n toename in rosuvastatien-plasmavlakke kan voorkom
  - Asiatiese pasiënte
  - gelyktydige gebruik van fibrate (sien afdelings 4.4, 4.5 en 5.2).

Spesiale waarskuwings en voorsorgmaatreëls vir gebruik
Renale Effekte
Proteïnurie, bepaal deur peilstoktoetsing en meestal van tubulêr oorsprong, was waargeneem by pasiënte wat behandel was met hoër dosisse rosuvastatien, veral 40 mg, dit was kortstondig of onderbroke in die meeste gevalle. Daar is nie bewys dat proteïnurie 'n voorloper vir akute of progressiewe renale siekte is nie (sien afdeling 4.8).
Die verslagdoeningskoers vir ernstige renale gebeurtenisse na-bemarkingsgebruik is hoër by die 40 mg dosis. 'n Evaluering van die renale funksie moet oorweeg word tydens die roetine opvolg van pasiënte wat behandel word met 'n dosis van 40 mg.

Skeletspier effekte
Effekte op skeletspier bv. mialgie, miopatie en selde rabdomioliese is aangemeld by pasiënte vir alle dosisse, veral in dosisse hoër as 20 mg.
Soos met ander HMG-KoA reduktase inhibeerders, is die verslagdoeningskoers vir rabdomioliese in na-bemarkingsgebruik hoër by die hoogste bemarkte dosis. Pasiënte wat tekens of simptome ontwikkel wat aandui op miopatie, moet hul kreatinienkinase (KK) vlakke laat meet. TRINCHOL terapie moet gestaak word indien miopatie gediagnoseer of vermoed word.
'n Toename in die voorkoms van miositis en miopatie was opgemerk by pasiënte wat ander HMG-KoA reduktase inhibeerders ontvang, tesame met siklosporien, veselsuurderivate, insluitend gemfibrosil, nikotiensuur, asool-antifungale en makroliedantibiotika.
TRINCHOL moet met omsigtigheid voorgeskryf word by pasiënte met predisponerende faktore vir miopatie, soos renale inkorting, gevorderde ouderdom en hipotiroïdisme, of situasies waar 'n toename in plasmavlakke kan voorkom (sien afdeling 5.2).

Kreatienkinase Metings
Kreatienkinase (KK) moet nie gemeet word na inspannende oefening nie of in die teenwoordigheid van alternatiewe oorsake van toename in KK, wat die interpretasie van die resultaat kan beïnvloed nie. As KK vlakke beduidend verhoog is teen basislyn (> 5 x BLN), moet 'n bevestigingstoets binne 5 - 7 dae uitgevoer word. Indien die herhalingstoets 'n basislyn KK > 5 x **B**LN bevestig, moet die behandeling nie begin word nie

Voor Behandeling
HMG-KoA reduktase inhibeerders, soos TRINCHOL, moet met omsigtigheid voorgeskryf word by pasiënte met predisponerende faktore vir miopatie/rabdomioliese. Sulke faktore sluit in:
- renale inkorting
- hipotiroïdisme
- persoonlike of familiegeskiedenis van oorerflike spierafwykings.
- vorige geskiedenis van spiertoksisiteit met 'n ander HMG-KoA reduktase inhibeerder of fibraat
- alkohol misbruik
- bo 70 jarige ouderdom
- situasies waar 'n toename in plasmavlakke kan voorkom (sien afdeling 4.2, 4.5 en 5.2)
- gelyktydige gebruik van fibrate.

In hierdie pasiëntgroep moet die risiko van behandeling oorweeg word ten opsigte van moontlike voordele. Kliniese monitering word aanbeveel. As KK vlakke beduidend verhoog is teen basislyn (> 5 x **B**LN), moet die behandeling nie geïnisieer word nie.

Tydens behandeling
Pasiënte moet aangeraai word om onverklaarbare spierpyn, swakheid of krampe onmiddellik aan te meld, veral as dit verband hou met malaise of koors. KK vlakke moet by hierdie pasiënte gemeet word. Die behandeling moet gestaak word indien die KK vlakke aansienlik verhoog is (> 5 x **B**LN) of as spiersimptome ernstig is en daaglikse ongemak veroorsaak (selfs al is die KK vlakke ≤ 5 x **B**LN).
Indien simptome oplos en die KK vlakke weer na normaal terugkeer, moet daar oorweeg word om TRINCHOL of 'n alternatiewe HMG-KoA reduktase inhibeerder teen die laagste dosis met noue monitering weer in te stel. Roetine monitering van KK vlakke by asimptomatiese pasiënte is nie geregverdig nie.
Daar is al berig oor 'n immuun-gemedieerde nekrotiserende miopatie (IMNM) tydens of na behandeling met statiene, insluitend rosuvastatien. IMNM word klinies gekenmerk deur proksimale spierswakheid en verhoogde serum kreatienkinase, wat voortduur ondanks die staking van statienbehandeling.
'n Toename in die voorkoms van miositis en miopatie was waargeneem by pasiënte wat ander HMG-KoA reduktase inhibeerders ontvang, tesame met veselsuurderivate, insluitend gemfibrosil, siklosporien, nikotiensuur, asool-antifungale, protease inhibeerders en makroliedantibiotika.

Gemfibrosil
Gemfibrosil verhoog die risiko van miopatie wanneer dit gelyktydig met sommige HMG-KoA reduktase inhibeerders, soos TRINCHOL, gegee word. Daarom word die kombinasie van TRINCHOL en gemfibrosil nie aanbeveel nie. Die voordeel van verdere veranderinge in lipiedvlakke deur die gekombineerde gebruik van TRINCHOL met fibrate of niasien moet noukeurig opgeweeg word ten opsigte van die moontlike risiko's van sulke kombinasies.
Die 40 mg dosis is gekontraïndikeerd met die gesamentlike gebruik van 'n fibraat (sien afdelings 4.5 en 4.8).

Fusidiensuur
TRINCHOL mag nie saam met sistemiese formulerings van fusidiensuur toegedien word nie, of binne 7 dae na staking van fusidiensuur behandeling nie. By pasiënte waar die gebruik van sistemiese fusidiensuur as noodsaaklik beskou word, moet statienbehandeling gestaak word gedurende die duur van fusidiensuur behandeling. Daar was al verslae van rabdomioliese (insluitend 'n paar sterftes) by pasiënte wat fusidiensuur en statiene in kombinasie ontvang het (sien afdeling 4.5).
Pasiënte moet aangeraai word om onmiddellik mediese hulp in te win as hulle simptome van spierswakheid, pyn of teerheid ervaar. Statienterapie kan sewe dae na die laaste dosis fusidiensuur weer ingestel word.
In buitengewone omstandighede, waar langdurige sistemiese fusidiensuur nodig is, bv. vir die behandeling van ernstige infeksies, moet die behoefte aan gelyktydige toediening van TRINCHOL en fusidiensuur slegs van geval tot geval en onder noukeurige mediese toesig oorweeg word.
TRINCHOL moet nie gebruik word by pasiënte met akute, ernstige toestande wat dui op miopatie of wat gepredisponeer is tot die ontwikkeling van renale versaking sekondêr tot rabdomioliese nie (bv. sepsis, hipotensie, groot operasies, trauma, ernstige metaboliese-, endokriene- en elektroliet-versteurings; of onbeheerde stuiptrekking).

Lewer Effekte
HMG-KoA reduktase inhibeerders, soos TRINCHOL, moet met omsigtigheid gebruik word by pasiënte wat oormatige hoeveelhede alkohol verbruik en/of 'n geskiedenis van lewersiekte het.
Dit word aanbeveel dat lewerfunksietoetse uitgevoer word voor en drie maande na die aanvang van die behandeling. TRINCHOL moet gestaak word of die dosis verminder word indien die vlak van serumtransaminase hoër is as 3 keer die boonste limiet van normaal.
Die verslagdoeningskoers vir ernstige hepatiese gebeurtenisse (wat hoofsaaklik bestaan uit verhoogde hepatiese transaminase) in na-bemarkingsgebruik is hoër by die 40 mg dosis.
By pasiënte met sekondêre hipercholesterolemie, wat veroorsaak word deur hipotiroïdisme of nefrotiese sindroom, moet die onderliggende siekte behandel word voor die inisiëring van terapie met TRINCHOL.

Ras
Farmakokinetiese studies toon 'n toename in blootstelling in Asiatiese proefpersone in vergelyking met Kaukasiese proefpersone (sien afdelings 4.2, 4.3 en 5.2).

Protease inhibeerders
Verhoogde sistemiese blootstelling aan rosuvastatien is waargeneem by proefpersone wat rosuvastatien ontvang tesame met verskillende protease inhibeerders in kombinasie met ritonavir.
Die voordeel van lipiedverlaging deur die gebruik van TRINCHOL by MIV pasiënte wat protease inhibeerders ontvang, moet oorweeg word, sowel as die moontlikheid van verhoogde rosuvastatien plasmakonsentrasies by die inisiëring en die op-titrasie van TRINCHOL dosisse by pasiënte wat met protease inhibeerders behandel word.
Die gelyktydige gebruik met sekere protease inhibeerders word nie aanbeveel nie, tensy die TRINCHOL dosis aangepas word (sien afdelings 4.2 en 4.5).

Interstisiële longsiekte
Gevalle van interstisiële longsiekte was aangemeld by sommige statiene, veral met langtermynterapie (sien afdeling 4.8). Presentasie kenmerke kan insluit dispnee, nie-produktiewe hoes en agteruitgang in die algemene gesondheid (moegheid, gewigsverlies en koors). Indien daar vermoed word dat 'n pasiënt interstisiële longsiekte ontwikkel het, moet TRINCHOL gestaak word.

Diabetes Mellitus
Statiene as 'n klas medisyne kan bloedglukose verhoog. By sommige pasiënte, met 'n hoë risiko vir toekomstige diabetes, kan dit 'n vlak van hiperglisemie veroorsaak waar formele diabetiese versorging toepaslik is. Hierdie risiko word egter oorskadu deur die vermindering in vaskulêre risiko met statiene en moet dus nie 'n rede wees om die statienbehandeling te staak nie.
TRINCHOL moet met omsigtigheid gebruik word by pasiënte met Tipe 2 diabetes en by pasiënte op risiko, soos pasiënte met 'n vastende glukose van 5.6 tot 6.9 mmol/l, BMI > 30 kg/m2, verhoogde trigliseriede of hipertensie. Pasiënte op risiko moet klinies en biochemies gemonitor word.

Kinders en adolessente 10 – 17 jarige ouderdom
Die veiligheidsprofiel van rosuvastatien is soortgelyk by kinders of adolessente pasiënte en volwassenes, hoewel KK verhogings > 10 x BLN en spiersimptome na oefening of verhoogde fisiese aktiwiteit, wat met voortgesette behandeling oplos het, meer gereeld by kinders en adolessente waargeneem was. Alhoewel, dieselfde spesiale waarskuwings en spesiale voorsorgmaatreëls vir gebruik by volwassenes geld ook vir kinders en adolessente.

Laktose Intoleransie
TRINCHOL bevat laktose. Pasiënte met seldsame oorerflike probleme van galaktose onverdraagsaamheid, die Lapp laktase tekort of glukose-galaktose wanabsorpsie, moet nie hierdie medisyne neem nie.

Interaksie met ander medisyne en ander vorms van interaksie
Effek van gelyktydig toegediende medisyne op TRINCHOL
Vervoerproteïen inhibeerders:
Rosuvastatien, soos bevat in TRINCHOL, is 'n substraat vir sekere vervoerproteïene, insluitend die hepatiese opnamevervoerder organiese-anioonvervoerpolipeptied 1B1 (OAVP1B1) en uitvloeivervoerder-borskanker-weerstandige proteïen (BKWP). Gelyktydige toediening van TRINCHOL met medisyne wat die vervoerproteïene inhibeer, kan lei tot verhoogde rosuvastatien plasmakonsentrasies en 'n verhoogde risiko vir miopatie (sien afdelings 4.2, 4.4 en 4.5 Tabel 1).

Siklosporien:
Tydens gelyktydige behandeling met rosuvastatien en siklosporien was die rosuvastatien AOK waardes gemiddeld 7 keer hoër as wat by gesonde vrywilligers waargeneem was (sien Tabel 1). TRINCHOL is gekontraïndikeerd by pasiënte wat gelyktydig siklosporien ontvang (sien afdeling 4.3). Gelyke toediening het nie die plasmakonsentrasies van siklosporien geaffekteer nie.

Protease inhibeerders:
Verhoogde sistemiese blootstelling aan rosuvastatien is waargeneem by proefpersone in farmakokinetiese studies wat rosuvastatien ontvang het met verskillende protease inhibeerders in kombinasie met ritonavir (sien Tabel 1 hieronder). Hierdie toename in sistemiese blootstelling aan rosuvastatien kan lei tot 'n verhoogde voorkoms van newe-effekte.
Die gesamentlike gebruik van TRINCHOL en sommige protease inhibeerder kombinasies kan oorweeg word na noukeurige oorweging van die TRINCHOL dosisaanpassings, gebaseer op die verwagte toename in rosuvastatien blootstelling (sien afdelings 4.2, 4.4, 4.5 en Tabel 1 hieronder).

Gemfibrosil en ander lipiedverlagende medisyne:
Gelyktydige gebruik van rosuvastatien en gemfibrosil het gelei tot 'n 2-voudige toename in rosuvastatien K_{maks} en AOK (sien afdeling 4.4).
Geen farmakokinetiese relevante interaksie met fenofibraat is gerapporteer nie, maar 'n farmakodinamiese interaksie kan voorkom. Gemfibrosil, fenofibraat, ander fibrate en lipiedverlagende dosisse niasien (nikotiensuur) (> of gelyk aan 1 g/dag) verhoog die risiko vir miopatie wanneer dit gelyktydig met HMG-KoA reduktase inhibeerders soos rosuvastatien bevat in TRINCHOL gegee word, waarskynlik omdat hulle miopatie kan produseer as dit alleen gegee word. Die 40 mg dosis is gekontraïndikeerd vir die gelyktydige gebruik van 'n fibraat (sien afdelings 4.3 en 4.4). Hierdie pasiënte moet met die 5 mg dosis begin.

Esetimieb:
Gelyktydige gebruik van 10 mg rosuvastatien en 10 mg esetimieb het gelei tot 'n 1.2-voudige toename in AOK van rosuvastatien by hipercholesterolemie proefpersone (Tabel 1). 'n Farmakodinamiese interaksie, in terme van newe-effekte, tussen TRINCHOL en esetimieb, kan nie uitgesluit word nie (sien afdeling 4.4).

Teensuurmiddels:
Die gelyktydige dosering van rosuvastatien met 'n teensuurmiddel suspensie wat aluminium en magnesiumhidroksied bevat, het gelei tot 'n afname in die rosuvastatien plasmakonsentrasie van ongeveer 50 %. Hierdie effek was minder toe die teensuurmiddel 2 uur na rosuvastatien gedoseer was. Die kliniese relevansie van hierdie interaksie is nie bestudeer nie.

Eritromisien:
Gelyktydige gebruik van rosuvastatien en eritromisien het gelei tot 'n 20 % afname in AOK en 'n 30 % afname in K_{maks} van rosuvastatien. Hierdie interaksie kan veroorsaak word deur die toename in derm motiliteit wat deur eritromisien veroorsaak word.

Sitochroom P450 ensieme:
In vitro- en *in vivo*-data dui aan dat rosuvastatien geen klinies beduidende sitochroom P450 interaksies het nie (as 'n substraat, inhibeerder of induseerder). Daarom word medisyne-interaksies wat voortspruit uit sitochroom P450 gemedieerde metabolisme nie verwag nie. Geen klinies relevante interaksies was waargeneem tussen rosuvastatien en flukonasool ('n inhibeerder van CYP2C9 en CYP3A4) of ketokonasool ('n inhibeerder van CYP2A6 en CYP3A4) nie.

Interaksies wat rosuvastatien dosisaanpassings vereis (sien ook Tabel 1 hieronder):
Wanneer dit nodig is om TRINCHOL saam met ander medisyne toe te dien wat bekend is dat dit blootstelling aan rosuvastatien verhoog, moet TRINCHOL dosisse aangepas word.
Begin met 'n 5 mg een keer per dag dosis van TRINCHOL as die verwagte toename in blootstelling (AOK) ongeveer 2-voudig of hoër is.
Die maksimum daaglikse dosis TRINCHOL moet aangepas word sodat die verwagte rosuvastatien blootstelling nie die hoeveelheid van 'n 40 mg daaglikse dosis TRINCHOL wat geneem is sonder interaktiewe medisyne oorskry nie, byvoorbeeld 'n 20 mg dosis van rosuvastatien met gemfibrosil (1,9-voudige toename), en 'n 10 mg dosis van rosuvastatien met kombinasie ritonavir/atasanavir (3.1-voudige toename).

Tabel 1. Effek van gelyktydig toegediende medisinale produkte op rosuvastatien blootstelling (AOK; in volgorde van afnemende omvang) uit gepubliseerde kliniese proewe

Interaktiewe medisyne dosisregime	Rosuvastatien dosisregime	Verandering in rosuvastatien AOK*
Siklosporien 75 mg BID tot 200 mg BID, 6 maande	10 mg OD, 10 dae	7.1-voudig
Regorafenib 160 mg, een keer per dag, 14 dae	5 mg, enkel dosis	3.8-voudig ↑
Atasanavir 300 mg/ritonavir 100 mg OD, 8 dae	10 mg, enkel dosis	3.1-voudig
Velpatasvir 100 mg een keer per dag	10 mg, enkel dosis	2.7-voudig ↑
Ombitasvir 25 mg/paritaprevir 150 mg/ Ritonavir 100 mg een keer per dag / dasabuvir 400 mg twee keer per dag, 14 dae	5 mg, enkel dosis	2.6-voudig ↑
Grasoprevir 200 mg/elbasvir 50 mg een keer per dag, 11 dae	10 mg, enkel dosis	2.3-voudig ↑
Glekaprevir 400 mg/pibrentasvir 120 mg een keer per dag, 7 dae	5 mg een keer per dag, 7 dae	2.2-voudig ↑
Lopinavir 400 mg/ritonavir 100 mg BID, 17 dae	20 mg OD, 7 dae	2.1-voudig
Klopidogrel 300 mg laai dosis, gevolg deur 75 mg na 24 uur	20 mg, enkel dosis	2-voudig ↑
Gemfibrosil 600 mg BID, 7 dae	80 mg, enkel dosis	1.9-voudig
Eltrombopag 75 mg OD, 10 dae	10 mg, enkel dosis	1.6-voudig
Darunavir 600 mg/ritonavir 100 mg BID, 7 dae	10 mg OD, 7 dae	1.5-voudig
Tipranavir 500 mg/ritonavir 200 mg BID, 11 dae	10 mg, enkel dosis	1.4-voudig
Dronedaroon 400 mg BID	Nie beskikbaar	1.4-voudig
Itrakonasool 200 mg OD, 5 dae	10 mg, enkel dosis	1.4-voudig **
Esetimieb 10 mg OD, 14 dae	10 mg, OD, 14 dae	1.2-voudig **
Fosamprenavir 700 mg/ritonavir 100 mg BID, 8 dae	10 mg, enkel dosis	«
Aleglitasar 0.3 mg, 7 dae	40 mg, 7 dae	«
Silimarin 140 mg TID, 5 dae	10 mg, enkel dosis	«
Fenofibrate 67 mg TID, 7 dae	10 mg, 7 dae	«
Rifampien 450 mg OD, 7 dae	20 mg, enkel dosis	«
Ketokonasool 200 mg BID, 7 dae	80 mg, enkel dosis	«
Flukonasool 200 mg OD, 11 dae	80 mg, enkel dosis	«
Eritromisien 500 mg QID, 7 dae	80 mg, enkel dosis	28 % ‾‾
Baikalien 50 mg TID, 14 dae	20 mg, enkel dosis	47 % ‾‾

*Data gegewe as x-voudige verandering, verteenwoordig 'n eenvoudige verhouding tussen gelyke toediening en rosuvastatien alleen. Data gegewe as % verandering, verteenwoordig % verskil relatief tot rosuvastatien alleen.
Toenames is aangedui as "", geen verandering as "«", dalings as "‾".
**Verskeie interaksiestudies was uitgevoer teen verskillende rosuvastatien dosisse, die tabel vertoon die mees belangrikste verhouding
OD = een keer per dag; BID = twee keer per dag; TID = drie keer per dag; QID = vier keer per dag

Effek van TRINCHOL op gelyktydig toegediende medisinale produkte:
Warfarien:
Die farmakokinetika van warfarien word nie beduidend beïnvloed na gelyktydige toediening van rosuvastatien nie. Alhoewel, soos met ander HMG-KoA reduktase inhibeerders, kan die gelyktydige toediening van TRINCHOL en warfarien lei tot 'n toename in die Internasionale Genormaliseerde Verhouding (IGV) in vergelyking met warfarien alleen. By pasiënte wat warfarien neem, word aanbeveel dat IGV gemonitor word beide, met die aanvang of beëindiging van die behandeling met TRINCHOL óf na dosisaanpassing.

Orale kontrasepsie/hormoonvervangingsterapie (HVT):
Gelyktydige gebruik van rosuvastatien en 'n orale kontrasepsie het gelei tot 'n toename in etinielestradiol en norgestrel AOK van 26 % en 34 % onderskeidelik. Hierdie verhoogde plasmavlakke moet oorweeg word by die keuse van orale kontraseptiewe dosisse. Daar is geen farmakokinetiese data beskikbaar by proefpersone wat gelyktydig rosuvastatien en hormoonvervangingsterapie gebruik nie, daarom kan 'n soortgelyke effek nie uitgesluit word nie.

Ander medisyne:
Digoksien:
Op grond van data uit spesifieke interaksiestudies word geen klinies relevante interaksie met digoksien verwag nie.

Fusidiensuur:
Interaksiestudies met rosuvastatien en fusidiensuur is nie uitgevoer nie. Die risiko van miopatie, insluitend rabdomioliese, kan verhoog word deur die gelyktydige toediening van sistemiese fusidiensuur met statiene. Die meganisme van hierdie interaksie (hetsy dit farmakodinamies of farmakokineties is, of albei) is nog onbekend. Daar is al berig oor rabdomioliese (insluitend 'n paar sterftes) by pasiënte wat hierdie kombinasie ontvang het.
Indien behandeling met sistemiese fusidiensuur noodsaaklik is, moet TRINCHOL behandeling gestaak word gedurende die duur van die behandeling met fusidiensuur (sien afdeling 4.4).

Pediatriese populasie:
Interaksiestudies is slegs by volwassenes uitgevoer. Die omvang van interaksies in die pediatriese populasie is nie bekend nie.

Vrugbaarheid, swangerskap en laktasie
Vroue van kinderbarende potensiaal /Kontrasepsie in mans en vroue
Vroue wat swanger kan raak, moet toepaslike voorbehoedmaatreëls gebruik.

Swangerskap
TRINCHOL is gekontraïndikeerd in swangerskap.

Laktasie
TRINCHOL is gekontraïndikeerd tydens laktasie. Rosuvastatien word in die melk van rotte uitgeskei. Daar is geen data beskikbaar met betrekking tot die uitskeiding van rosuvastatien in melk by mense nie (sien afdeling 4.3).

Uitwerking op die vermoë om te bestuur en masjiene te gebruik
TRINCHOL kan duiseligheid veroorsaak, daarom moet pasiënte wat TRINCHOL neem nie bestuur of masjiene gebruik totdat hul individuele vatbaarheid vir duiseligheid bekend is nie.

Newe-effekte
Getabuleerde opsomming van newe-effekte

MedDRA sisteem-orgaanklas	Frekwensie	Ongewenste effekte
Bloed- en die limfstelselversteurings	Minder gereeld	Trombositopenie
Immuunstelsel versteurings	Minder gereeld	Hipersensitiwiteitsreaksies insluitend angioedeem
Endokriene versteurings	Gereeld	Diabetes mellitus[1]
Psigiatriese versteurings	Frekwensie onbekend	Depressie
Senusisteemversteurings	Gereeld	Hoofpyn Duiseligheid
	Minder gereeld	Polineuropatie Geheueverlies
	Frekwensie onbekend	Perifere neuropatie
Respiratoriese, torakale- en mediastinale versteurings	Frekwensie onbekend	Hoes Dispnee
Gastro-intestinale versteurings	Gereeld	Konstipasie Naarheid Abdominale pyn
	Minder gereeld	Pankreatitis
	Frekwensie onbekend	Diarree
Hepato-biliêre versteurings	Minder gereeld	Verhoogde hepatiese transaminase Geelsug Hepatitis
Vel- en Onderhuidse weefselversteurings	Minder gereeld	Pruritus Uitslag Urtikarie
	Frekwensie onbekend	Stevens-Johnson sindroom
Muskuloskeletale bindweefselversteurings	Gereeld	Mialgie
	Minder gereeld	Miopatie (insluitend miositis) Rabdomioliese Lupusagtige sindroom Skeur van spiere Artralgie
	Frekwensie onbekend	Tendonafwykings, soms vererger deur skeuring Immuunbemiddelde nekrotiserende miopatie
Renale en urinêre versteurings	Minder gereeld	Hematurie
	Frekwensie onbekend	Proteïnurie
Voortplantingstelsel- en borsversteurings	Minder gereeld	Ginekomastie
Algemene versteurings en toedieningsplektoestande	Gereeld	Astenie
	Minder gereeld	Edeem

[1]Frekwensie sal afhang van die teenwoordigheid of afwesigheid van risikofaktore (die vastende bloedglukose ≥ 5,6 mmol/L, BMI > 30 kg/m2, verhoogde trigliseriede, geskiedenis van hipertensie).
Soos met ander HMG-KoA reduktase inhibeerders, is die voorkoms van newe-effekte geneig om dosisafhanklik te wees.

Beskrywing van geselekteerde newe-effekte
Renale effekte:
Proteïnurie, bepaal deur peilstoktoetsing en meestal van tubulêre oorsprong, was waargeneem by pasiënte wat met rosuvastatien behandel was. Veranderinge in urienproteïene van geen of spoor na 100 mg/dL of meer was gesien by < 1 % van die pasiënte een of ander tyd tydens behandeling met 10 en 20 mg, en by ongeveer 3 % van die pasiënte wat met 40 mg behandel was. 'n Geringe toename in die verskuiwing van geen of spoor na 30 mg/dL was waargeneem met die 20 mg dosis. In die meeste gevalle neem proteïnurie af of verdwyn spontaan met voortgesette terapie. Die hersiening van data uit kliniese proewe en na-bemarkingservaring tot op hede het nie 'n oorsaaklike assosiasie tussen proteïnurie en akute of progressiewe renale siekte geïdentifiseer nie.
Hematurie was waargeneem by pasiënte wat met rosuvastatien behandel was, en kliniese proefdata toon dat die voorkoms laag is.

Skeletspier effekte:
Effekte op skeletspier bv. mialgie, miopatie (insluitend miositis) en, selde, rabdomioliese met en sonder akute renale versaking was aangemeld by rosuvastatien behandelde pasiënte met alle dosisse, veral met dosisse > 20 mg.
'n Dosisverwante toename in KK vlakke was waargeneem by pasiënte wat rosuvastatien geneem het; die meerderheid gevalle was lig, asimptomaties en kortstondig. Indien KK vlakke verhoog is (> 5 x BLN), moet die behandeling gestaak word (sien afdeling 4.4).

Lewer effekte:
'n Dosisverwante toename in transaminase was waargeneem by 'n klein aantal pasiënte wat rosuvastatien geneem het soos in TRINCHOL; die meerderheid van die gevalle was lig, asimptomaties en kortstondig.
Die volgende newe-effekte was by sommige statiene aangemeld:
- Seksuele disfunksie.
- Uitsonderlike gevalle van interstisiële longsiekte, veral met langtermynterapie (sien afdeling 4.4).

Die verslagdoeningskoers vir rabdomioliese, ernstige renale gebeurtenisse en ernstige hepatiese gebeurtenisse (wat hoofsaaklik bestaan uit verhoogde hepatiese transaminase) is hoër by die 40 mg dosis.

Kinders en adolessente 10 – 17 jarige ouderdom
Kreatienkinase verhogings > 10 x BLN en spiersimptome na oefening óf verhoogde fisiese aktiwiteit was meer gereeld waargeneem in 'n 52-week kliniese proef by kinders en adolessente in vergelyking met volwassenes (sien afdeling 4.4).
In ander opsigte was die veiligheidsprofiel van rosuvastatien soortgelyk by kinders en adolessente in vergelyking met volwassenes.

Rapportering van vermoedelike newe-effekte
Dit is belangrik om vermoedelike newe-effekte wat waargeneem word nadat die medisyne goedgekeur is, te rapporteer. Dit laat volgehoue observering van die voordeel/risiko-balans van die medisyne toe. Gesondheidsorgverskaffers word versoek om enige vermoedelike newe-effekte aan SAHPRA te rapporteer via die "**6.04 Adverse Drug Reactions Reporting Form**", wat aanlyn by SAHPRA se publikasies gevind kan word:
https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8

Oordosering
Daar is geen spesifieke behandeling in geval van oordosering nie. In geval van oordosering, moet die pasiënt simptomaties behandel word, en ondersteunende maatreëls ingestel word soos benodig. Lewerfunksie en KK vlakke moet gemonitor word. Dit is onwaarskynlik dat hemodialise voordelig sal wees (sien afdeling 5.2).

5 FARMAKOLOGIESE EIENSKAPPE
Farmakodinamiese eienskappe
Farmakoterapeutiese groep: HMG-KoA reduktase inhibeerders, ATC kode: C10A A07.
A 7.5 Serum-cholesterol verlagers

Meganisme van werking
Rosuvastatien is 'n selektiewe en mededingende inhibeerder van 3-hidroksi-3-methiel-glutariel-KoA (HMG-KoA) reduktase, die tempo-beperkende ensiem wat 3-hydroxi-3-methiel-glutariel koënsiem A omskakel na mevalonaat, 'n voorloper vir cholesterol. Die primêre werkingsplek van rosuvastatien is in die lewer, die teikenorgaan vir cholesterolverlaging.
Rosuvastatien lewer sy lipied-modifiserende effekte op 2 maniere; dit verhoog die aantal hepatiese lae digtheid lipoproteïen (LDL) reseptore op die seloppervlakte, wat die van opname en katabolisme van LDL verbeter én dit inhibeer die hepatiese sintese van baie lae digtheid lipoproteïen (VLDL) wat die totale aantal VLDL- en LDL-deeltjies sodoende verminder.
Hoëdigtheid lipoproteïen (HDL), wat apolipoproteïen A-I (ApoA-I) bevat, is onder meer betrokke by die vervoer van cholesterol vanaf weefsels terug na die lewer toe (omgekeerde cholesterolvervoer).
Rosuvastatien verminder verhoogde LDL-cholesterol (LDL-C), totale cholesterol en trigliseriede (TG) en verhoog HDL-cholesterol (HDL-C). Dit verlaag ook apolipoproteïen B (ApoB) nie-HDL-C, VLDL-C, VLDL-TG en verhoog ApoA-I. Rosuvastatien verlaag ook die LDL-C/HDLC, totale C/HDL-C en nie-HDL-C/HDL-C en die ApoB/ApoA-I verhoudings.
'n Terapeutiese respons op rosuvastatien is duidelik binne 1 week na die aanvang van die behandeling, en 90 % van die maksimum respons word gewoonlik bereik teen 4 weke en word daarna gehandhaaf.

Farmakodinamiese effekte
Rosuvastatien verminder of verlaag totale cholesterol, verhoogde LDL-cholesterol, trigliseriede, ApoB, nie-HDL-C, VLDL-C, VLDL-TG. Dit verlaag ook die LDL-C/HDL-C, totale C/HDL-C en nie-HDL-C/HDL-C en die ApoB/ApoA-I verhoudings.
Rosuvastatien verhoog HDL-cholesterol en ApoA-I.
Na die inisiasie van die behandeling word 'n terapeutiese effek binne 1 week verkry. 'n 90 % Maksimum respons word gewoonlik bereik teen 4 weke en gehandhaaf daarna.

Farmakokinetiese eienskappe
Absorpsie
Maksimum rosuvastatien plasmakonsentrasies word ongeveer 5 uur na orale toediening bereik. Die absolute biobeskikbaarheid is ongeveer 20 %.

Verspreiding
Ongeveer 90 % van rosuvastatien is aan plasmaproteïene gebind, hoofsaaklik aan albumien. Die ouerverbinding maak meer as 90 % van die sirkulerende aktiewe HMG-KoA reduktase inhiberingsaktiwiteit uit.

Biotransformasie
Rosuvastatien ondergaan beperkte metabolisme in mense (ongeveer 10 %) hoofsaaklik na die N-desmetiel vorm.

Eliminasie
Ongeveer 90 % van die rosuvastatien dosis word onveranderd uitgeskei in die feses en die oorblywende deel word uitgeskei in die urien.

Lineariteit/nie-lineariteit
Sistemiese blootstelling aan rosuvastatien neem toe in verhouding tot die dosis. Daar is geen veranderinge in farmakokinetiese parameters na veelvuldige daaglikse dosisse nie.

Spesiale populasies
Ouderdom en geslag
Daar was geen klinies relevante effek van ouderdom of geslag op die farmakokinetika van rosuvastatien nie. Die farmakokinetika van rosuvastatien by kinders en adolessente met heterosigotiese familiale hipercholesterolemie was soortgelyk aan dié van volwasse vrywilligers.

Ras
Farmakokinetiese studies toon 'n 1,26 - 2,31-voudige toename in geometriese gemiddelde AOK$_{(0-t)}$ in Asiatiese proefpersone in vergelyking met Kaukasiërs.
'n Totaal van 62 (19 %) Kaukasiërs, 61 (19 %) Sjinees, 61 (19 %) Asiër-Indiër, 35 (11 %) Maleise, 27 (8 %) Japannees, 27 (8 %) Filippyns, 26 (8 %) Koreaans en 25 (8 %) Viëtnamese proefpersone was geëvalueer vir farmakokinetiese analise in hierdie studies.
'n Populasie-farmakokinetiese analise het geen klinies relevante verskille in farmakokinetika onder Kaukasiese, Spaanse en Swart- of Afro-Karibiese groepe geopenbaar nie. (sien afdeling 4.2, Ras).

Renale inkorting
In 'n studie onder proefpersone met verskillende grade van renale inkorting het ligte tot matige renale siekte min invloed op die plasmakonsentrasie van rosuvastatien gehad. Alhoewel, proefpersone met ernstige inkorting (CrCl < 30 ml/min) het 'n 3-voudige toename in plasmakonsentrasie gehad in vergelyking met gesonde vrywilligers. Dit is onwaarskynlik dat hemodialise tot voordeel sal wees vir die verwydering van rosuvastatien.

Hepatiese inkorting
In 'n studie van proefpersone met verskillende grade van hepatiese inkorting, was daar geen bewyse van verhoogde blootstelling aan rosuvastatien by persone met Child-Pugh tellings van 7 of minder nie. Alhoewel, twee proefpersone met Child-Pugh tellings van 8 en 9 het 'n toename in sistemiese blootstelling van ten minste 2-voudig getoon in vergelyking met proefpersone met 'n laer Child-Pugh telling. Daar is geen ervaring in proefpersone met Child-Pugh tellings bo 9 nie.

Genetiese polimorfismes
Disposisie van HMG-KoA reduktase inhibeerders, insluitend rosuvastatien, betrek OATP1B1 en BCRP-vervoerproteïene. By pasiënte met SLCO1B1 (OATP1B1) en/of ABCG2 (BCRP) genetiese polimorfismes is daar 'n risiko vir verhoogde rosuvastatien blootstelling. Individuele polimorfismes van SLCO1B1 c.521CC en ABCG2 c.421AA hou verband met 'n hoër rosuvastatien blootstelling (AOK) in vergelyking met die SLCO1B1 c.521TT of ABCG2 c.421CC genotipes. Hierdie spesifieke genotipering is nie in die kliniese praktyk vasgestel nie, maar vir pasiënte wat bekend is dat hulle hierdie soort polimorfismes het, word 'n laer daaglikse dosis TRINCHOL aanbeveel.

Pediatriese populasie
Twee farmakokinetiese studies met rosuvastatien (gegee as tablette) by pediatriese pasiënte met heterosigotiese familiale hipercholesterolemie 10 tot 17 of 6 tot 17 jarige ouderdom (totaal van 214 pasiënte) het getoon dat blootstelling by pediatriese pasiënte skynbaar vergelykbaar of laer is as by volwasse pasiënte. Rosuvastatien blootstelling was voorspelbaar ten opsigte van dosis en tyd oor 'n 2 jaar periode.

6 FARMSEUTIESE BESONDERHEDE
Lys van hulpstowwe
Ferrisoksied rooi of geel
Hipromellose
Kolloïdale silikondioksied
Kruispovidoon
Laktose monohidraat
Magnesiumstearaat
Mikrokristallien sellulose
Titanium dioksied
Triasetien

Onverenigbaarheid
Nie van toepassing.

Rakleeftyd
2 jaar

Spesiale voorsorgmaatreëls tydens berging
Hierdie medisinale produk vereis nie enige spesiale bergingstoestande nie

Aard en inhoud van die houer
Aluminium/ Aluminium stolpverpakking
7, 28 en 30 tablette

HDPE houer
HDPE bottel vir 100 of 500 tablette.

Nie alle verpakkingsgroottes mag moontlik bemark word nie.

Spesiale voorsorgmaatreëls vir wegdoening
Geen spesiale vereistes.

7 HOUER VAN REGISTRASIESERTIFIKAAT
Trinity Pharma (Pty) Ltd.
106 16th Weg
Midrand
1686

8 REGISTRASIENOMMER(S)
TRINCHOL 5: 48/7.5/0162
TRINCHOL 10: 48/7.5/0163
TRINCHOL 20: 48/7.5/0164
TRINCHOL 40: 48/7.5/0165

9 DATUM VAN EERSTE MAGTIGING / HERNUWING VAN DIE MAGTIGING
17 Augustus 2021

10 DATUM VAN HERSIENING VAN DIE TEKS
N.A